

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



November 2013



'n Nuwe begin

Lees binne...

- Die oomblik van waarheid – 1
- Voëlvlug oor die 70ste AKV – 3
- NG Kerk hou Sinode – 4
- Die merk van 'n Christen – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die oomblik van waarheid (Dr Wim Dreyer)
Terugvoer oor die 70ste AKV
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
'n Nuwe begin
- Bl 3 **70ste AKV**
'n Voëlvlug oor die 70ste AKV (Dr André Ungerer)
Besluit oor affiliasie by die WGGK
- Bl 4 **Kerkwêreld**
Die NG Kerk hou Sinode (Ds Leon Geel)
Twee predikante verwerf doktorsgrade
- Bl 5 **70ste AKV**
Fotobeeld
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Die merk van 'n Christen (Ds Joseph Steyn)
Kommissie van die AKV
Zimbabwe sê dankie
Beurse en lenings
Uitslae Bybelvasvra 2013
Beroepe aanvaar
- Agterblad **Oordenking**
Hoop op 'n beter toekoms (Ds Rita de Kock)

'n Nuwe begin

Dr André Ungerer, redakteur, skryf dat daar oor die krisis wat die afgelope jare gewoed het en tot die onverkwiklike kerkskeuring gelei het, al baie gepraat en geskryf is. Die uitwerking van hierdie krisis herinner aan die Japannese betekenismoontlikheid daarvan. Die karakter vir die begrip *krisis* in Japannees bestaan uit twee karakters, naamlik *gevaar* en *geleentheid*. Sedert die 69ste AKV was die Kerk terdeë bewus van die gevaar van 'n dreigende skeuring. 'n Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) is gehou om hierdie gevaar die hoof te bied, maar sonder sukses. Die konflik het verdiep, en die skeuring het plaasgevind met 14 gemeentes wat hulleself tot op hede onafhanklik verklaar het en hul kerklike eiendom in die naam van 'n vereniging oorgedra het.

In die krisistyd het 'n geleentheid opgedoem – die 70ste AKV. Die vergadering was 'n geleentheid tot besinning wat veral tydens die tweedag-werksessie plaasgevind het. Dit was 'n geleentheid om te besin oor die Kerk se identiteit en toekoms. Dit was ook 'n implisiete geleentheid om te bepaal of die Kerk haar deur die skeurmakers laat kaap het. Die boodskap was duidelik – ons maak ons los van wat agter is en ons strek ons uit na wat voor is (Fil 3: 13).

Die oomblik van waarheid

Dr Wim Dreyer, pas verkose voorsitter van die Kommissie van die AKV, skryf dat die Nederlandse sendingwetenskaplike Hendrik Kraemer kort na die Tweede Wêreldoorlog daarop gewys het dat die kerk altyd krisis ervaar. Die kerk is altyd onderweg, altyd strydend, altyd onder bedreiging. Kraemer wys verder daarop dat die kerk se grootste krisis nie die verwoesting van oorlog of dalende getalle is nie, maar die onvermoë om werklik kerk wees. Die grootste gevaar wat die kerk in die gesig staar, is dat die kerk ontrou is aan sy eintlike wese en roeping.

Krisis is egter nie net negatief nie. Die woord *krisis* dui op die erns en dringendheid van die situasie, maar tegelykertyd op moontlikhede van vernuwing en 'n keerpunt in die geskiedenis. Dit hou ook verband met die Griekse woord *kairos* (wat ons byvoorbeeld in Mark 1: 15 vind), wat dui op 'n oomblik van waarheid, 'n oomblik waarin beslissende keuses gemaak moet word.

Krisis en stryd en verleentheid pas ook beter by die kerk as mag en rykdom en vooruitgang. Dikwels is die angs oor die kerk se oënskynlike verval eerder te wyte aan 'n materialistiese lewens- en werklikheidsbeskouing waar voorspoed en mag die deurslag gee.

Vir die Hervormde Kerk was die afgelope paar jaar 'n tyd van krisis, maar ook 'n oomblik van waarheid. Die Kerk moes beslissende keuses maak. Die afgelope AKV het vreesloos en sonder huiwering 'n paar deurslaggewende keuses gemaak. Die Hervormde Kerk het onder andere sy rug op politieke en ideologiese beïnvloeding gedraai en begin om die taal van eenheid, geloof en hoop te praat. Sedert 1951 was aparte kerke, apartheid en lidmaatskap wat tot blankes beperk is, deurlopend op die agenda van die AKV. Dit het dikwels die kerklike debat oorheers. Die 70ste AKV het met 'n meerderheid van meer as 80% besluit om nie sy 2010- en 2011-besluite oor apartheid te herroep nie. Daarmee is 'n onverkwiklike debat wat 60 jaar geduur het, afgesluit.

Die Hervormde Kerk het gekies om al luisterend na die Woord te onderskei wat God se wil is, wat God van ons verwag. Dit staan in die teken van Jesus se woorde in Markus 1: 15, waar Hy die mense oproep tot geloof en bekering, *want die tyd het aangebreek, die koninkryk van God het naby gekom...*

'n Voëlvlug oor die 70ste AKV

Dr André Ungerer berig oor die belangrikste besluite van die 70ste AKV, asook oor die Kerk se besluit om aansoek te doen vir affiliasie by die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK). Die vergadering het laat Vrydagaand 27 September tot 'n einde gekom na 'n intense debat oor die beskrywingspunt rakende die Kerk se posisie oor lidmate en ampsdraers se seksuele oriëntasie. Hierdie debat was sprekend van al die debatte tydens die AKV: Afgevaardigdes het eerlik en met rou emosie hul standpunte gestel, maar altyd nederig, soekend na God se wysheid, en sonder veroordeling van enigiemand anders. Nadat die voorsitter die vergadering met aandgodsdien afgesluit het, het die moeë maar oorwegend tevrede lede van die vergadering uiteengegaan. Die oorheersende mening – dit was 'n aangrypende vergadering, dalk een van die beste en mees rigtinggewende vergaderings ooit!

Die NG Kerk hou Sinode

Ds Leon Geel berig oor die 15de Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat van 6 tot 10 Oktober 2013 plaasgevind het. Die Sinode het in die historiese Veremarksaal in Port Elizabeth vergader. Die Algemene Sinode bestaan uit afgevaardigdes van die tien streeksinodes van die NG Kerk. Tweehonderd afgevaardigdes het die Sinode bygewoon. Die vergadering word rondom tafels gehou waar afgevaardigdes in tafelgesprekke mekaar vind. Na die aansitting vind verhelderingsgesprekke plaas waartydens afgevaardigdes bespreking voer ten einde die gesprek tot besluitneming te bevorder. Verskeie konsensusbesluite kon op hierdie wyse geneem word. Prof Nelis Niemand is verkies as voorsitter, dr Braam Hanekom is die assessor en dr Johan Ernst is die aktuaris. Dr Kobus Gerber dien as die algemene sekretaris van die NG Kerk ook in die Moderatuur.

Die merk van 'n Christen

Ds Joseph Steyn skryf dat gelowiges oor die eeue op baie maniere deur tekens, merke, kruise en wapens probeer het om vir die wêreld hul Christenskap te wys. Jesus gee in 1 Johannes 13: 34-35 die nuwe gebod wat as teken sal dien dat, as ons dit nakom, die wêreld kan sien dat ons Christene is. Jesus het vroeër al die wet opgesom as liefde teenoor God en liefde vir die naaste wat alle mense, juis ook jou vyande, insluit. Nou kom gee Jesus egter 'n nuwe gebod in die nouer kring. As dit belangrik is om jou naaste en vreemdelinge en vyande lief te hê, soveel meer moet ons ons medegelowiges liefhê, soos Paulus in Galasiërs 6: 10 stel.

In hierdie tyd van stryd en skeuring gee die behoudende Presbiteriaanse teoloog en skrywer Francis A Schaeffer se boek *The mark of the Christian* vir ons as gelowiges 'n goeie perspektief op stryd sowel as eenheid en liefde in die kerk. Hy

verduidelik die verantwoordelikheid van gelowiges in die hantering van verskille aan die hand van die genoemde teks uit Johannes 13. Tegelykertyd moet ons die geregtigheid en heiligheid van God handhaaf, maar terselfdertyd ook die liefde van God sigbaar maak vir die wêreld.

Die stryd om die behoud van die suiwer evangelie en teen die dwaalleraars sal altyd deel van die kerk se bestaan wees. Tog maak die liefdeloosheid en onverdraagsaamheid waarmee hierdie stryd in die Hervormde Kerk gevoer is, dat ons werklik almal ons koppe in skaamte moet laat sak. Geen wonder nie dat die Kerk krimp en dat al meer mense kerkloos word, en buite die kerk hul geloof uitlewe. Heel aan die begin van hierdie stryd het dr Stephan Hoffman 'n opmerking in die ring van Noord-Kaapland gemaak. Na die jare van stryd en tweespalt wat gemeentes en vriende en gesinne uitmekaar geskeur het, besef 'n mens die waarheid van sy woorde terdeë. Hy het gewaarsku dat as ons nie versigtig is in ons hantering van die saak nie, die enigste wenner in hierdie stryd die Duiwel (of die Bose) sal wees.

Ander berigte

Daar is ook berigte oor twee van die Kerk se predikante wat onlangs doktorsgrade verwerf het, naamlik **dr Tanya van Wyk** en **dr Anneke Viljoen**, asook oor beurse en lenings wat vir lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk beskikbaar is. **Ds Theuns en Adri Botha** sê dankie vir die finansiële ondersteuning aan lidmate in Zimbabwe, en die uitslae van Bybelvasvra 2013 (eerste drie plekke in elke kategorie) word bekendgemaak.

Ds Rita de Kock se oordenking wys ons daarop dat ons, ten spyte van al die tegnologiese ontwikkeling van die moderne wêreld, steeds smag na 'n beter toekoms. Die mens wat glo in die Gans Andere God, erken dat hy bewus is van die bestaan van 'n ander werklikheid: God wat mens geword het en onder ons kom woon.
